September 2011

Patente vir Uitvindings

Republiek van Suid-Afrika
Wet op Patente Nr. 57 van 1978

This pamphlet is also available in English

1. Inleiding

1.1 Patentdekking

Mits 'n aansoeker voldoen aan die voorskrifte wat deur die Wet op Patente Nr. 57 van 1978 neergelê is, mag 'n patent vir 'n uitvinding in Suid-Afrika aan hom toegeken word.

1.2 Modelregistrasie

As 'n artikel 'n nuwe voorkoms het (bv. as gevolg van sy patroon, vorm, gedaante of versiering), kan beskerming vir sodanige voorkoms verkry word deur die registrasie van 'n model kragtens die Modellewet Nr. 195 van 1993. Sommige artikels, of sekere eienskappe daarvan, kan onder beide die Patentwet en die Modellewet registreerbaar wees. Verdere inligting in verband met die registrasie van modelle sal op aanvraag verskaf word.

1.3 Handelsmerkdekking

Handelsmerk- en/of diensmerkdekking ingevolge die Wet op Handelsmerke Nr. 194 van 1993 kan baie waardevol in die benutting van 'n uitvinding wees. Laat ons asseblief weet as u in sodanige dekking belangstel, sodat ons u meer volledig kan adviseer.

2. Wat is 'n patenteerbare uitvinding

2.1 'n Patent kan verleen word vir enige nuwe uitvinding wat op 'n vindingryke handeling berus, en wat in die handel of nywerheid of landbou aangewend of toegepas kan word (artikel 25(1)).

2.2 Sekere uitvindings word van patentering uitgesluit:

2.2.1 Enigiets wat bestaan uit 'n ontdekking; 'n wetenskaplike teorie; 'n wiskundige metode; 'n letterkundige, dramatiese, musikale of artistieke werk of enige ander estetiese skepping; 'n skema, reël of metode om 'n geesteshandeling te verrig, 'n spel te speel of sake te doen; 'n program vir 'n komper; of die voorstelling van inligting, word nie ingevolge die Patentwet as 'n uitvinding beskou nie (artikel 25(2)).

Hierdie bepalings verhoed dat enigiets as 'n uitvinding vir doeleindes van die Patentwet behandel word, slegs in die mate waarin 'n patent of 'n aansoek om 'n patent **daarop as sodanig** betrekking het (artikel 25(3)). Dit beteken dat 'n uitvinding wat een of meer van hierdie items as blote eienskappe van die uitvinding bevat, wel patenteerbaar mag wees.

2.2.2 'n Patent word nie verleen vir 'n uitvinding waarvan die publikasie of benutting na gewone verwagting as aansporing tot aanstootlike of onsedelike gedrag sou lei nie (artikel 25(4)(a)).

2.2.3 'n Patent word ook nie verleen nie vir enige variëteit dier of plant of enige wesenlik biologiese proses vir die produksie van diere of plante, wat nie 'n mikrobiologiese proses of die produk van so 'n proses is nie (artikel 25(4)(b)). Dit is egter moontlik om planttelersregte ingevolge die Wet op Planttelersregte Nr. 15 van 1976 te verkry. As inligting in hierdie verband verlang word, laat ons asseblief weet.

2.2.4 'n Uitvinding wat bestaan uit 'n metode van behandeling van die menslike of dierlike liggaam deur snykunde of terapie, of van diagnose wat op die menslike of dierlike liggaam beoefen word, is nie patenteerbaar nie (artikel 25(11)). 'n Stof of samestelling vir gebruik in so 'n metode van behandeling of van diagnose is egter patenteerbaar, selfs al is die stof of samestelling bekend, mits die aanwending in die metode 'nuut' is (artikel 25(9) en 25(12)).

2.2.5 'n Patent word nie toegeken vir enigiets wat klaarblyklik met gevestigde natuurwette in stryd is nie (bv. ewigdurende beweging-masjiene - artikel 36(1)).

2.3 Om patenteerbaar te wees, moet 'n uitvinding **nuut** wees, en moet dit 'n **vindingryke stap** behels. Dié twee vereistes word hieronder bespreek.

3. Vereiste van nuutheid

Die belangrikste voorvereiste vir die patenteerbaarheid van 'n uitvinding, is dat dit 'nuut' moet wees soos in die Wet gedefinieer.

3.1 'n Uitvinding word as 'nuut' geag as dit nie deel uitmaak nie van die stand van die tegniek onmiddellik voor die voorkeurdatum van die uitvinding (artikel 25(5)). Die stand van die tegniek vir die bepaling van nuutheid het 'n wyer omvang as wat dit het vir die bepaling van vanselfsprekendheid (sien paragraaf 4.2).

3.2 Die stand van die tegniek behels alle stof (hetsy 'n produk, 'n proses, inligting omtrent een of beide, of enigiets anders) wat reeds aan die publiek beskikbaar gestel is (hetsy binne die Republiek of elders) deur skriftelike of mondeling beskrywing, deur gebruik of op enige ander wyse (artikel 25(6)).

3.3 Die stand van die tegniek vir doeleindes van die bepaling van nuutheid, behels ook alles wat in 'n patentaansoek in die RSA vervat is en wat vir publieke insae oop is, of sal word, mits dit 'n vroeëre voorkeurdatum het (artikel 25(7)).

3.4 Geheime gebruik

'n Uitvinding wat in die geheim en op 'n kommersiële skaal binne die Republiek aangewend is, word ook geag deel te vorm van die stand van die tegniek vir die doeleindes van die bepaling van nuutheid (artikel 25(8)).

3.5 Geheimhouding noodsaaklik voor indiening

Die uitvinder en/of die aansoeker moet seker maak dat die uitvinding geheim gehou word tot tyd en wyl 'n patentaansoek vir die uitvinding by die Patentekantoor, Pretoria, ingedien is. As dit vir die uitvinder nodig word, voordat die aansoek ingedien is, om die uitvinding bekend te maak, byvoorbeeld aan 'n tekenaar vir die maak van tekeninge, of aan kommersiële belanghebbendes, om finansiële bystand te verkry, moet sodanige bekendmaking op 'n vertroulike basis plaasvind. 'n Onderneming om die uitvinding geheim te hou, moet verkieslik op skrif wees. 'n Rekord van enige bekendmaking moet gehou word, ingeval dit later nodig word om te bewys wat werklik bekendgemaak is. **'n Nie-vertroulike bekendmaking van die uitvinding voordat die patentaansoek ingedien is, kan die nuutheid van die uitvinding vernietig en kan die verkryging van geldige patentdekking vir die uitvinding geheel-en-al uitskakel**.

3.6 Ongemagtigde bekendstelling

Ongemagtigde bekendstelling van 'n uitvinding deur 'n ander voordat die patentaansoek ingedien is, kan verskoon word, mits die aansoeker die aansoek sonder versuim indien nadat hy van die bekendstelling te wete gekom het (artikel 26(a)).

3.7 Redelike tegniese proefneming

Aanwending of bekendmaking van 'n uitvinding binne die Republiek by wyse van redelike tegniese proefneming of eksperiment deur die aansoeker, die patenthouer of sy voorganger, voor die voorkeurdatum van die uitvinding, kan ook verskoon word (artikel 26(b)).

4. Vereiste van vindingrykheid

Die ander belangrike faktor wat bepaal of 'n uitvinding patenteerbaar is of nie, is of dit 'n 'vindingryke stap' behels. Om dit vas te stel moet nagegaan word of die uitvinding vanselfsprekend is of nie.

4.1 'n Uitvinding word geag 'n vindingryke stap te behels as dit vir 'n persoon wat in die tegniek bedrewe is, nie vanselfsprekend is nie, met inagneming van enige stof wat onmiddellik voor die 'voorkeurdatum' van die uitvinding, deel was van die 'stand van die tegniek' soos in paragraaf 3.2 hierbo uiteengesit word (artikel 25(10) gelees met artikel 25(6). Spesifieke bepalings het betrekking op vindingrykheid in die geval van bykomende patente (artikel 39(6)).

4.2 Vir 'n bepaling van **vanselfsprekendheid** (in teenstelling met **nuutheid**), is die 'stand van die tegniek' van meer beperkte omvang. Die stof soos in paragrawe 3.3 en 3.4 uiteengesit is, word nie in ag geneem nie, en daardie stof vorm nie deel van die stand van die tegniek wanneer vanselfsprekendheid oorweeg word nie.

5. Wie om 'n patentaansoek kan doen

5.1 'n Aansoek om 'n patent ten opsigte van 'n uitvinding kan gedoen word deur die uitvinder of deur iemand anders wat van hom die reg daartoe verkry het (d.w.s. in oordragnemer). Dit kan ook deur sowel die uitvinder as so 'n ander persoon gedoen word (artikel 27(1)).

5.2 'n Patentaansoek kan in die naam van 'n oordragnemer (byvoorbeeld 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy) ingedien word, mits sodanige oordragnemer skriftelik oordrag van die uitvinding vanaf die uitvinder verkry het.

5.3 'n Persoon wat nie 'n uitvinder is nie maar wat 'n mede-aansoeker saam met die uitvinder is, moet nogtans oordrag van regte van die uitvinder verkry om hom in staat te stel om as mede-aansoeker saam met die uitvinder te kan optree.

5.4 Waar mede-aansoekers om 'n patent aansoek doen, is dit raadsaam dat hulle 'n geskrewe ooreenkoms aangaan waarin hulle wedersydse regte en verpligtinge uiteengesit word. Tensy daar 'n andersluidende ooreenkoms is, kan mede-uitvinders in gelyke onverdeelde aandele aansoek om 'n patent doen (artikel 27(2)).

5.5 As die uitvinder of die applikant reëlings tref vir die verkoop of lisensiëring van die uitvinding, is dit raadsaam dat 'n behoorlike geskrewe ooreenkoms gesluit word om te verhoed dat misverstande en hofsake ontstaan.

5.6 As 'n patentaansoek in die naam van 'n oordragnemer ingedien moet word, is dit voldoende vir die indiening van 'n patentaansoek in Suid-Afrika as die oordrag van die uitvinding slegs vir Suid-Afrika verkry word. Dit is egter raadsaam om terselfdertyd 'n ooreenkoms te sluit waarin die wedersydse regte en verpligtinge van die oordragnemer en oordraggewer vir ander lande ook uiteengesit word. As dit nie gedoen word nie, kan dit later tot vertraging lei by die indiening van patentaansoeke in ander lande in die naam van die oordragnemer, as die uitvinder op daardie stadium nie vir die ondertekening van die nodige dokumente vir sodanige indiening beskikbaar is nie.

6. Inligting wat benodig word vir die voorbereiding en indiening van 'n patentaansoek

Die volgende inligting word benodig vir die opstel van 'n patentspesifikasie en vir die voorbereiding van die nodige aansoekdokumente:

6.1 'n Volledige beskrywing van die uitvinding en van die nuwe eienskappe van die uitvinding, vergesel (waar van toepassing) van sketse, tekeninge of foto's of indien moontlik, 'n model van die uitvinding. As sketse of tekeninge verskaf word, is dit raadsaam dat hulle op A4 grootte velle (210 mm by 297 mm) verskaf word, of dat die sketse of tekeninge van so 'n grootte is dat hulle op velle van hierdie grootte nagetrek kan word. Die verskillende onderdele van die uitvinding moet in die sketse genommer word. Die beskrywing moet dan na die genommerde onderdele verwys en moet uiteensit hoe die onderdele saamwerk om die gewenste resultate te lewer.

6.2 'n Verduideliking van welke aspekte van die uitvinding 'n voorwaartse stap of verbetering op bestaande toestelle of prosesse van 'n soortgelyke aard is. Dit kan gedoen word deur 'n kort beskrywing van soortgelyke bekende prosesse of toestelle te gee en deur aan te toon welke van die prosesstappe of strukturele eienskappe die uitvinding van vorige prosesse of toestelle onderskei.

6.3 Besonderhede van enige alternatiewe vorms van die uitvinding of moontlike veranderinge daaraan wat in 'n patentspesifikasie vir die uitvinding gedek moet word.

6.4 Die volle name, woonadresse, beroepe en nasionaliteite van die uitvinder(s) en die aansoeker(s).

6.5 Waar van toepassing (bv. in die geval van 'n maatskappy) die volle name en hoedanigheid van die persoon wat die verklaring namens die aansoeker sal onderteken.

6.6 Uitvinderskap

Dit is belangrik om die werklike uitvinder te noem. 'n Verkeerde verklaring van uitvinderskap kan die geldigheid van 'n patent benadeel. Die werklike uitvinder is die persoon of persone wat die hele uitvinding uitgevind het. Dus kan 'n uitvinder nie 'n maatskappy of 'n persoon wees wat die uitvinding van iemand anders, òf plaaslik òf oorsee, verkry het nie. Verder kan 'n tekenaar of modelbouer wat maar net die opdragte van die uitvinder uitgevoer het, nie as 'n uitvinder beskou word nie.

7. Maniere waarop aansoek om 'n patent gedoen kan word

7.1 Daar is twee maniere waarop aansoek om 'n patent vir 'n uitvinding gedoen kan word, naamlik:

- by wyse van 'n 'voorlopige' patentaansoek vergesel van 'n voorlopige spesifikasie wat die uitvinding **redelik juis** beskryf en ten opsigte waarvan daar binne twaalf maande 'n volledige patentaansoek ingedien moet word (d.w.s. wat binne twaalf maande 'voltooi' moet word - sien 7.5); of

- by wyse van 'n 'volledige' patentaansoek in die eerste instansie, wat vergesel gaan van 'n volledige spesifikasie wat die uitvinding **ten volle** beskryf en die manier waarop dit uitgevoer moet word, tesame met illustrerende tekeninge (waar toepaslik), en aansprake wat die uitvinding waarvoor dekking verlang word, behoorlik definieer.

7.2 As 'n voorlopige aansoek nie deur die indiening van 'n volledige aansoek binne die voorgeskrewe tydperk opgevolg word nie, verval dit (sien 7.5). 'n Verlenging van drie maande kan verkry word vir die indiening van die volledige aansoek.

7.3 'n Voorlopige patentaansoek

Die indiening van 'n voorlopige patentaansoek het die volgende wesenlike voordele bo die indiening van 'n volledige patentaansoek in die eerste instansie:

- 'n Voorlopige patentaansoek kan met 'n minimum van vertraging ingedien word, want aansprake om die vindingryke eienskappe van die uitvinding te dek, word nie in voorlopige 'n patentaansoek vereis nie en dit is ook moontlik om informele tekeninge te gebruik om die uitvinding te illustreer.

- Die koste verbonde aan die voorbereiding en indiening van 'n voorlopige patentaansoek is minder as vir 'n volledige patentaansoek in die eerste instansie.

- Die indiening van 'n voorlopige patentaansoek verkry vir die aansoeker 'n voorkeurdatum om sy regte te beskerm net soos in die geval van 'n volledige patentaansoek.

- 'n Voorlopige aansoek bied ook 'n geleentheid om die nuutheid, die tegniese meriete en die kommersiële waarde van die uitvinding te ondersoek voordat verdere patenteringskostes aangegaan word (verwys verder na paragrawe 9 en 13 hieronder).

- Ontwikkelinge en verbeteringe wat plaasvind na indiening van die voorlopige patentaansoek kan in latere aansoeke gedek word, bv. in die volledige patentaansoek of 'n verdere voorlopige patentaansoek.

7.4 'n Volledige patentaansoek:

Die indiening van 'n volledige patentaansoek in die eerste instansie, in plaas van 'n voorlopige patentaansoek, word slegs aanbeveel as die aansoeker heeltemal tevrede is dat die uitvinding in sy vervolmaakte vorm is en dat verdere verbeteringe of veranderinge daaraan onwaarskynlik is. In 'n volledige spesifikasie moet die uitvinding en die wyse waarop dit in werking gestel moet word volledig beskryf word, en die beste metode om die uitvinding uit te voer, bekend aan die uitvinder, moet geopenbaar word.

Die indiening van 'n volledige patentaansoek in die eerste instansie, behels die volgende nadele:

- Die voorbereiding en indiening van die volledige patentspesifikasie behels die opstel van aansprake, voorbereiding van formele tekeninge, en 'n gedetailleerde beskrywing van die uitvinding, en neem dus langer as wat dit neem vir die voorbereiding van 'n voorlopige patentspesifikasie. Indiening van 'n volledige patentaansoek in die eerste instansie kan derhalwe nie so vinnig geskied as 'n voorlopige patentaansoek nie.

- 'n Volledige patentaansoek in die eerste instansie bied geen geleentheid om op 'n latere stadium ontwikkelings of verbeterings, wat na die indiening van die aansoek op die uitvinding aangebring word, in dieselfde aansoek te dek nie.

7.5 'n Volledige patentaansoek gebaseer op 'n voorlopige patentaansoek

As 'n voorlopige patentaansoek eers ingedien word (soos normaalweg aanbeveel word), moet 'n volledige patentaansoek gebaseer op die voorlopige patentaansoek binne 'n periode van twaalf maande nadat die voorlopige patentaansoek ingedien is, by die Patentekantoor ingedien word. Die volledige patentaansoek behels 'n nuwe patentaansoek vergesel van 'n volledige spesifikasie met aansprake en tekeninge (waar toepaslik) en waarin die uitvinding in sy vervolmaakte vorm, insluitende alle ontwikkelings en verbeterings, volledig beskryf word. As dit nie gedoen word nie, verval die voorlopige patentaansoek. Teen betaling van die voorgeskrewe gelde, kan 'n drie maande verlenging verkry word vir die indiening van die volledige aansoek. By die indiening van die volledige aansoek, word op voorkeur aanspraak gemaak op grond van die voorlopige patentaansoek.

7.6 Taalmedium

Ingeval die aansoeker se belange na die buiteland mag strek, beveel ons aan dat 'n spesifikasie in Engels opgestel word om latere vertalingsonkostes uit te skakel of te verminder.

8. Koste vir die indiening van patentaansoeke in die RSA

Koste (insluitende uitgawes) hang af van hoe ingewikkeld die uitvinding is, en watter tipe aansoek ingedien word (kyk na paragraaf 7 hierbo). By die druk van hierdie pamflet is die koste vir die opstel en indiening van 'n voorlopige patentaansoek vir ’n eenvoudige tot ‘n gemiddelde saak ongeveer R10000 tot R20000, en vir meer ingewikkelde sake ongeveer R20000 tot R30000. In uitsonderlike gevalle, kan kostes selfs hoër wees. Meer werk en dus hoër koste kan soms betrokke wees by die opstel van ‘n volledige aansoek, b.v. as daar heelwat ontwikkelinge of verbeteringe aan die uitvinding aangebring is. Koste in hierdie verband, vir ’n eenvoudige tot ‘n gemiddelde saak, beloop tipies ongeveer R10000 tot R20000. Wanneer 'n volledige aansoek in die eerste instansie ingedien word (sien 7.4) of in ingewikkelde sake, mag die koste selfs nog hoër wees. Ons kan egter 'n nadere beraming gee sodra ons verdere besonderhede van die uitvinding het asook opdragte aangaande die aansoek- prosedure wat gevolg moet word.

9. Gevolge van die indiening van 'n patentaansoek

9.1 Nadat 'n patentaansoek vir die uitvinding ingedien is, kan die aansoeker die uitvinding aan andere bekendstel sonder dat sodanige bekendstelling op sigself die geldigheid van enige patent wat hy vir die uitvinding mag verkry, kan benadeel. Die aansoeker moet egter

- belangrike ontwikkelings en verbeterings geheim hou totdat hulle in nuwe patentaansoeke gedek is (verwys na 13.1 hieronder);

- versigtigheid uitoefen met die bekendmaking of eksploitering van die uitvinding nadat die patentaansoek ingedien is, as die toets en ontwikkeling van die uitvinding meer as twaalf maande sal neem, en dus die indiening van 'n volledige aansoek sal vertraag.

As die uitvinding geheim gehou word nadat die aansoek ingedien is, dan bly die opsie oop om die aansoek weer in te dien as meer tyd benodig word, mits die uitvinding nog andersins aan die nuutheidsvereistes voldoen. Na bekendmaking, word die aansoeker verplig om òf die aansoek te voltooi teen die voltooiingsdatum, òf om dit te laat vaar. Deur bekendmaking word die reg om die aansoek weer in te dien verloor, en dit kan tot die aansoeker se nadeel wees as 'n belowende uitvinding slegs gedeeltelik ontwikkel en getoets is en die aansoek te vroeg voltooi word. Aan die ander kant, kan die risiko verbonde aan die bekendmaking aanvaarbaar wees as die aansoeker 'n vroeë aanduiding van die potensiële kommersiële waarde van die uitvinding wil verkry.

9.2 Die indiening van 'n voorlopige patentaansoek bied aan die aansoeker 'n reg soortgelyk aan 'n opsie:

- Die applikant verkry 'n reg op voorkeur bo latere aansoekers om 'n patent vir die uitvinding in die RSA te verkry, deur die indiening van 'n volledige aansoek in die RSA binne twaalf maande na die voorlopige patentaansoek (of binne 'n drie maande-verlengtyd).

- Hierdie opsie is ook vir konvensie-lande in die buiteland beskikbaar, mits konvensie-aansoeke ingedien word binne twaalf maande vanaf die indiening van die voorlopige aansoek (verwys na paragraaf 14 hieronder). Die drie maande verlenging is egter **nie** beskikbaar vir konvensie-aansoeke in die buiteland nie.

9.3 Die indiening van 'n patentaansoek gee die aansoeker nie die reg om andere te verbied om 'n soortgelyke uitvinding te maak, te gebruik, of te eksploiteer nie. Hierdie reg om andere te verbied, kom slegs tot stand nadat die patent toegeken is.

9.4 'n Aansoeker se reg om die uitvinding te eksploiteer, is onderhewig daaraan dat sodanige eksploitering nie op die regte van andere inbreuk doen nie (verwys verder na paragraaf 11 en 13.2.1 hieronder).

10. Prosedure na 'n volledige patentaansoek ingedien is

10.1 Nadat 'n patentaansoek ingedien is, reik die Patentekantoor 'n ontvangsbewys uit waarop die nommer van die aansoek en die indieningsdatum aangegee word.

10.2 Nadat 'n volledige aansoek by die Patentekantoor in Pretoria ingedien is, word die aansoek formeel deur die Patentekantoor ondersoek. As al die formele voorskrifte van die Wet op Patente en die Regulasies nagekom is, word die volledige spesifikasie deur die Registrateur 'aangeneem'. Die Registrateur reik 'n geskrewe kennisgewing uit dat die aanname plaasgevind het, welke kennisgewing die datum van aanname van die spesifikasie bevat en ook 'n verklaring dat by advertensie van die aanname in die Patentjoernaal, die patent geag word geseël en toegeken te gewees het vanaf die datum van die advertensie.

10.3 Hierdie aanname word dan in die Patentjoernaal geadverteer. Na sodanige advertensie word die aansoekdokumente (wat tot op daardie stadium by die Patentekantoor geheim gehou is), aan die publiek beskikbaar gestel. Behalwe onder buitengewone omstandighede, kan die patent eers nege maande na toekenning teen andere afgedwing word.

10.4 Die ondersoek deur die Patentekantoor is slegs ten opsigte van formaliteite, en **nie** ten opsigte van nuutheid of vanselfsprekendheid nie. Die toekenning van 'n patent is geen waarborg dat die uitvinding 'nuut' is nie. Verder is dit ook nie 'n waarborg dat die patent geldig is nie, of dat die patent nie ingetrek kan word nie, of dat die eksploitasie van die uitvinding nie op 'n bestaande patent inbreuk sal maak nie. Dit is die aansoeker se plig om die nuutheid van die uitvinding te ondersoek en om homself tevrede te stel aangaande die sterkte van die patent. Dit is nie die plig van die Patentekantoor nie.

11. Uitwerking van 'n patent

11.1 'n Patent wat toegeken is, verleen aan die patenthouer vir die duur van die patent en vir solank dit in stand gehou word (sien 12 hieronder), die reg om ander persone uit te sluit van die

- vervaardiging,
- aanwending,
- uitoefening,
- van die handsetting of aanbieding om van die hand te sit, of
- invoer

van die uitvinding, sodat die patenthouer al die wins en voordeel wat uit die uitvinding ontstaan, verkry en geniet (artikel 45(1)),

11.2 Die verkoop van 'n gepatenteerde artikel in Suid-Afrika deur of namens 'n patenthouer of sy lisensiehouer, gee aan die koper die reg, behoudens ander patentregte, om daardie artikel te gebruik en om dit van die hand te sit (artikel 45(2)).

11.3 Die feit dat 'n patent toegeken is, beteken nie dat dit nie ingetrek kan word nie. Ter enigetyd nadat 'n patent

toegeken is, staan dit enige persoon vry om vir die intrekking van die patent aansoek te doen, op enigeen van die gronde wat in die Wet voorgeskryf word, byvoorbeeld dat die uitvinding nie 'nuut' was op die datum waarop die aansoek vir die patent by die Patentekantoor ingedien is nie, of dat dit 'vanselfsprekend' was.

11.4 Die toekenning van 'n patent gee nie die reg aan 'n patenthouer om die uitvinding te eksploiteer nie. Dit gee slegs die reg om andere uit te sluit sodat hulle nie met die patenthouer kan meeding nie (verwys na 11.1 hierbo). Die reg om te eksploiteer hang daarvan af of daar regte deur andere gehou word of nie (verwys ook na 13.2.1 hieronder).

12. Duur van 'n patent en instandhouding daarvan

12.1 Die duur van 'n patent is 20 jaar vanaf die datum van indiening van die volledige aansoek. Dit is egter onderhewig daaraan dat die patent van krag gehou moet word deur die betaling van die voorgeskrewe hernuwingsgelde.

12.2 Om die patent van krag te hou, is dit nodig om jaarliks hernuwingsgelde te betaal vanaf die einde van die derde jaar na die indiening van die volledige aansoek. As die hernuwingsgelde nie betyds betaal word nie, verval die patent. Dit is egter moontlik om hernuwingsgelde binne 'n verdere ses maande vanaf die betaaldatum en met betaling van die voorgeskrewe boetes, te betaal. Huidig beloop hernuwingsgelde omtrent R965 per jaar vir die eerste drie jaar. Hierdie bedrag vermeerder tot ongeveer R1041 vir die laaste 2 jaar. Aansienlike besparings kan gemaak word as 'n paar of al die hernuwingsgelde vooruit betaal word. Verdere inligting sal op versoek verskaf word.

13. Wat 'n aansoeker behoort te doen nadat 'n voorlopige aansoek ingedien is

13.1 Ontwikkelinge en verbeteringe

Nadat 'n voorlopige patentaansoek ingedien is, behoort die aansoeker die uitvinding te probeer ontwikkel tot 'n kommersieel eksploiteerbare vorm. As daar in hierdie proses belangrike verbeterings gemaak word wat nie gedek word deur die voorlopige patentaansoek nie, sal dit raadsaam wees om hierdie verbeterings geheim te hou totdat 'n verdere voorlopige patentaansoek, waarin die verbeterings spesifiek beskryf word, ingedien is. Anders moet die verbeterings geheim gehou word totdat hulle opgeneem is in die volledige spesifikasie en die volledige patentaansoek ingedien is. 'n Enkele volledige spesifikasie kan gebaseer word op die inhoud van twee of meer voorlopige patentaansoeke, mits die volledige spesifikasie binne twaalf maande vanaf die eerste voorlopige patentaansoek ingedien word. Die volledige spesifikasie moet die beste metode om die uitvinding in werking te stel, wat aan die aansoeker bekend is wanneer die aansoek ingedien word, bevat.

13.2 Ondersoeke - inbreukmaking en nuutheid

Dit is raadsaam, hoewel nie verpligtend nie, vir die applikant om die volgende ondersoeke in te stel:

13.2.1 'n Inbreukondersoek kan by die Patentekantoor in Pretoria uitgevoer word teen 'n koste van ongeveer R5000 of meer. Dit is om vas te stel of gebruik van die uitvinding nie op 'n bestaande RSA patent in iemand anders se naam inbreuk sal maak nie. As daar wel op so 'n patent inbreuk gemaak word, kan dit daarop uitloop dat die aansoeker, of sy lisensienemer, vir 'n interdik en skadevergoeding gedagvaar word. 'n Inbreukondersoek word aanbeveel alvorens hoë aanvanklike koste of kapitaal- uitlegte in verband met die eksploitering van 'n uitvinding aangegaan word.

13.2.2 'n Nuutheidsondersoek kan by die Patentekantoor in Pretoria uitgevoer word (teen 'n koste van ongeveer R5000 tot R10000 of meer) en/of by een of meer buitelandse patentekantore (byvoorbeeld Engeland, Holland, Amerika, of Duitsland). Dit is om vas te stel in welke mate die uitvinding 'nuut' is. Sulke ondersoeke behoort gedoen te word voordat aansienlike uitgawes aangegaan word vir die indiening van patentaansoeke in die buiteland op 'n uitgebreide skaal. Die onkoste vir 'n betekenisvolle buitelandse ondersoek kan in die omgewing van R20000 of meer wees, afhangende van die veld waarin gesoek word.

13.2.3 Nuutheidsondersoeke moet verkieslik in die lande gedoen word waar daar die beste kans is om pertinente bestaande tegniek op te spoor. Dus word die beste resultate verkry van ondersoeke in lande waar daar 'n hoë mate van patentering in die veld van die uitvinding plaasvind. Geen ondersoek kan egter ooit as deurslaggewend ten opsigte van nuutheid beskou word nie. Die streng nuutheidsvereistes van ons Wet is gedeeltelik hiervoor verantwoordelik (verwys na paragraaf 3). Verder kan geen waarborg gegee word dat in enige besondere ondersoek alle pertinente stukke blootgelê is nie. As enige verdere inligting verlang word, laat ons asseblief weet.

13.3 Kommersiële waarde en patenteerbaarheid

13.3.1 Die kommersiële waarde van 'n uitvinding kan bepaal word deur dit te eksploiteer na indiening van 'n patentaansoek, ten einde vas te stel of daar 'n mark vir die uitvinding bestaan. 'n Aanduiding kan ook verkry word deur marknavorsing te doen.

13.3.2 Die patenteerbaarheid van 'n uitvinding is nie noodwendig 'n aanduiding van die kommersiële waarde daarvan nie. Dit is dus moontlik dat 'n uitvinding oor genoegsame vindingrykheid beskik om patenteerbaar te wees, hoewel dit oor weinig kommersiële waarde beskik. Aan die anderkant kan 'n uitvinding moontlik oor weinig vindingrykheid beskik en die vooruitsig om 'n geldige patent daarvoor te verkry kan dus maar skraal wees; die aansoeker kan egter van mening wees dat die uitvinding genoeg kommersiële waarde het, sodat hy bereid mag wees om ten minste die indiening van 'n voorlopige patentaansoek te waag. Dit sal hom dan in staat stel om die tegniese verdienstelikheid van die uitvinding en die kommersiële waarde daarvan deeglik te ondersoek ten einde vas te stel of dit die moeite werd is om 'n volledige aansoek in te dien. Selfs 'n patent van twyfelagtige geldigheid kan somtyds mededinging deur andere genoegsaam ontmoedig om die indiening van die aansoek die moeite werd te maak.

13.3.3 Die aansoeker moet homself dus tevrede stel dat die uitvinding genoegsame kommersiële waarde het om die verwagte uitgawes te regverdig. Hierdie bepalings moet gedoen word voordat 'n besluit geneem word om die aansoek te voltooi, en voordat groot onkostes aangegaan word by wyse van eksploitering van die uitvinding of by wyse van buitelandse patentering op 'n uitgebreide skaal. Wanneer 'n besluit gemaak word, moet dit in gedagte gehou word dat die kommersiële waarde van 'n uitvinding nie slegs van die vindingrykheid afhang nie, maar ook van die ywer waarmee dit geëksploiteer word en die aanvraag vir die uitvinding.

13.4 Merk van artikels

Wanneer 'n uitvinding geëksploiteer word, is dit raadsaam om artikels en enige verpakking of advertensiemateriaal te merk met die nommer van die patentaansoek, bv "RSA PAT. AANS. Nr 93/1234".

14. Aansoek om patente in die buiteland

Vir meer volledige inligting vra asseblief vir 'n afskrif van ons buitelandse pamflet.

14.1 Afsonderlike patent in elke land

As die aansoeker patentdekking vir die uitvinding buite Suid-Afrika verlang, moet afsonderlike patentaansoeke ingedien word in elke land waar patentdekking verlang word. Dit word normaalweg gedoen deur 'n afsonderlike aansoek in elke land, of 'n streeksaansoek of 'n PCT-aansoek in te dien (kyk na 14.7 en 14.8 hieronder). As ook op die voorregte van die Paryse Konvensie aanspraak gemaak moet word (verwys na 14.3 hieronder), moet volledige patentaansoeke in die betrokke lande ingedien word binne 12 maande van die indieningsdatum van die **eerste aansoek** in Suid-Afrika (hetsy dit 'n voorlopige of 'n volledige aansoek was). 'n Patent wat in Suid-Afrika toegeken word, verleen regte slegs in Suid-Afrika en nie elders nie, d.w.s. nie in buurstate soos Namibië, Zimbabwe, Botswana, Lesotho, Swaziland, of in enige ander land ter wêreld nie.

14.2 Kostes

By die druk van hierdie pamflet, is die gemiddelde indieningskoste van 'n patentaansoek oorsee, in medium Engels, en van gemiddelde lengte en ingewikkeldheid, tussen R15000 en R30000 per land, mits 'n basiese volledige spesifikasie vir Suid-Afrika reeds voorberei is. Waar vertalings van volledige spesifikasies egter gedoen moet word, moet hoër kostes (tot omtrent dubbel soveel of meer) verwag word. Die aanvanklike indieningskostes vir streeks- of PCT-aansoeke is tussen ongeveer R20000 en R60000. Verder moet ook onthou word dat in lande waar tegniese ondersoeke na nuutheid plaasvind, verdere kostes verwag moet word. Die omvang van sulke verdere kostes sal afhang van die aantal en aard van besware wat deur die eksaminatore by die buitelandse Patentekantore geopper word. Dit sal ook afhang van die hoeveelheid werk daaraan verbonde om die aansoeke en spesifikasies te wysig om die besware te bowe te kom. As gevolg van sodanige tegniese ondersoek kan dit gebeur dat patentaansoeke in lande in die buiteland vir tot 5 jaar of selfs langer hangend bly.

14.3 Konvensielande (vir lys verwys na einde van pamflet))

Net soos meeste van die belangrike lande van die wêreld, is die RSA 'n ondertekenaar van die Paryse Konvensie vir die Beskerming van Industriële Eiendom. 'n Lys van konvensielande soos gepubliseer deur die World Intellectual Property Organisation (WIPO) verskyn in paragraaf 14.5. Ingevolge die Patentewet (artikel 1) sal 'n land slegs kwalifiseer as 'n 'konvensieland' kragtens die Wet, na proklamasie in die Staatskoerant. Meer inligting hieroor sal op aanvraag verskaf word.

Elke land het sy eie nuutheidsvereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n geldige patent vir 'n uitvinding in daardie land toegeken kan word. Ingevolge die bepalings van die Paryse Konvensie, as 'n aansoeker om 'n RSA patent 'n ooreenstemmende patentaansoek in 'n konvensieland indien binne twaalf maande vanaf die indiening van die eerste RSA aansoek, dan kan die voorkeur of prioriteit van daardie eerste RSA aansoek geëis word. Die datum waarop die nuutheidsvereistes van daardie land bevredig moet word, is dan die datum van indiening van die RSA patentaansoek. Die praktiese uitwerking hiervan is dat, nadat 'n aansoeker 'n RSA patentaansoek ingedien het, die uitvinding ge-eksploiteer of andersins bekendgestel kan word sonder dat sodanige optrede die geldigheid van enige latere **konvensie**-aansoeke benadeel. Dit is egter noodsaaklik dat sodanige konvensie-aansoeke binne twaalf maande vanaf die indieningsdatum van die eerste RSA aansoek, in die betrokke lande ingedien moet word.

14.4 Nie-konvensielande

As patentdekking vir die uitvinding in 'n land wat nie 'n lid van die Paryse Konvensie is nie, verlang word, dan moet die patentaansoek in die betrokke land ingedien word voordat die uitvinding se nuutheid aldaar vernietig is. In baie van hierdie lande beteken dit dat die aansoek ingedien moet wees voordat die uitvinding in Suid-Afrika of elders gebruik of andersins bekendgestel word. Taiwan, en 'n aantal Suid- en Sentraal- Amerikaanse lande is nie lede van die Paryse Konvensie nie.

Hoewel sommige lande nie lede van die Paryse Konvensie is nie, kan konvensieprioriteit steeds geëis word ingevolge 'n wedersyde ooreenkoms.

Die posisie ten opsigte van sommige van die lande wat voorheen deel van die USSR was, is nog nie uitgeklaar nie. Meer inligting sal op versoek verskaf word.

14.5 Vorige TBV-state

Die posisie betreffende Transkei, Bophuthatswana en Venda is uitgeklaar deur besondere wetgewing (die Wet op die Rasionalisering van Intellektuele Goederewette in Transkei, Bophuthatswana en Venda No. 107 van 1996). Hierdie Wet het op 1 Januarie 1998 in werking getree. Meer inligting in verband met hierdie state, wat voorheen onafhanklik was, sal op versoek verskaf word.

14.6 Aansoeke in EPK, Eurasië, ARIPO en OAPI

'n Patentaansoek wat by die Europese Patentekantoor (EPK) ingedien word, kan ook op voorkeur aanspraak maak op grond van 'n Suid-Afrikaanse patentaansoek. Dit is ook moontlik om streekskonvensie-aansoeke in Afrika in te dien. Een so 'n aansoek kan vir 'n aantal Engels-sprekende Afrika lande (ARIPO) ingedien word, terwyl 'n ander vir 'n aantal Frans-sprekende Afrika lande (OAPI) ingedien kan word. EPK, Eurasiese, ARIPO en OAPI patentaansoeke word in meer besonderheid in ons buitelandse patentpamflet bespreek.

14.7 PCT-aansoeke

Die Patentsamewerkingsverdrag (Patent Cooperation Treaty, oftewel PCT) is 'n internasionale verdrag wat gesluit is in 1970 en ge-administreer word deur die World Intellectual Property Organisation (WIPO). Ingevolge PCT kan 'n burger of inwoner van enige lidland 'n enkele PCT-aansoek indien waarin veelvuldige ledelande as aangewese lande aangedui word waarin patentdekking verlang word. So 'n prosedure bring 'n aantal voordele mee (insluitende koste-voordele) in omstandighede waar 'n burger of inwoner van 'n PCT lidland van voorneme is om veelvuldige patentaansoeke in ander ledelande in te dien. Daar is huidiglik al meer as 120 PCT lidlande.

Suid-Afrika se toetrede tot die PCT het op 16 Maart 1999 van krag geword, toe Suid-Afrika die 100ste lidland geword het. Vanaf 16 Maart 1999 is Suid-Afrikaanse burgers of inwoners dus geregtig om die PCT indieningsprosedure te gebruik vir internasionale aansoeke (welke in Suid-Afrika ingedien kan word, of by die Internasionale Buro in Switzerland). Vanaf dieselfde datum kan burgers of inwoners van ander PCT-lidlande vir Suid-Afrika aanwys of uitkies in PCT internasionale aansoeke wat in ander lidlande ingedien word.

State wat lid is van die PCT en van die Paryse Konvensie en lede van die Wêreldhandelsorganisasie

Staat/Lid	PCT (144)	Parys (173)	WTO (153)	Staat/Lid	PCT	Parys	WTO
Albanië (AL) ° **(EP)**	X	X	X	Hongkong (HK)	-	-	X
Algerië (DZ)	X	X	-	Ierland (IE) **(EP)**#	X	X	X
Andorra (AD)	-	X	-	Indië (IN)	X	X	X
Angola (AO) ***(PCT en PC vanaf 27/9/07)***	X	X	X	Indonesië (ID)	X	X	X
Antigua en Barbuda (AG)	X	X	X	Irak (IQ)	-	X	-
Argentinië (AR)	-	X	X	Iran (Islamitiese Republiek) (IR)	-	X	-
Armenië (AM) **(EA)**	X	X	X	Israel (IL)	X	X	X
Australië (AU)	X	X	X	Italië (IT) **(EP)**#	X	X	X
Azerbaidjan (AZ) **(EA)**	X	X	-	Ivoorkus (CI) **(OA)**#	X	X	X
Bahamas (BS)	-	X	-	Jamaika (JM)	-	X	X
Bahrein (BH)	X	X	X	Japan (JP)	X	X	X
Bangladesj (BD)	-	X	X	Jordanië (JO)	-	X	X
Barbados (BB)	X	X	X	Kaap Verde (CV)	-	-	X
België (BE) **(EP)**#	X	X	X	Kambodja (KH)	-	X	X
Belize (BZ)	X	X	X	Kameroen (CM) **(OA)**#	X	X	X
Belo-Rusland (BY) **(EA)**	X	X	-	Kanada (CA)	X	X	X
Benin (BJ) **(OA)**#	X	X	X	Katar (QA)	X	X	X
Bhoetan (BT)	-	X	-	Kazakstan (KZ) **(EA)**	X	X	-
Bolivia (BO)	-	X	X	Kenia (KE) **(AP)**	X	X	X
Bosnië en Herzegowina (BA) °	X	X	-	Kirgisië (KG) **(EA)**	X	X	X
Botswana (BW) (**AP)**	X	X	X	Koeweit (KW)	-	-	X
Brasilië (BR)	X	X	X	Kongo (CG)	X	X	X
Broenei Darussalam (BN)	-	-	X	Korea (Republiek) (KR)	X	X	X
Bulgarye (BG) **(EP)**	X	X	X	Kroasië (HR) ° **(EP)**	X	X	X
Burkina Faso (BF) **(OA)**#	X	X	X	Kuba (CU)	X	X	X
Burundi (BI)	-	X	X	Laos (LA)	X	X	-
Chili (CL) ***(PCT vanaf 2 Junie 2009)***	X	X	X	Lesotho (LS) **(AP)**	X	X	X
Ciprus (CY) **(EP)**#	X	X	X	Letland (Latvia) (LV) °# **(EP)**	X	X	X
Colombia (CO)	X	X	X	Libanon (LB)	-	X	-
Comore-eilande (KM)	X	X	-	Liberië (LR) **(AP)**	X	X	-
Costa Rica (CR)	X	X	X	Libië (LY)	X	X	-
Denemarke (DK) * **(EP)**	X	X	X	Liechtenstein (LI) **(EP)**	X	X	X
Demokratiese Republiek van Kongo (CD)	-	X	X	Litaue (LT) ° **(EP)**	X	X	X
Demokratiese Volksrepubliek van Korea (KP)	X	X	-	Luxemburg (LU) **(EP)**	X	X	X
Djiboeti (DJ)	-	X	X	Macao, Sjina (MO)	-	-	X
Dominika (DM)	X	X	X	Madagaskar (MG)	X	X	X
Dominikaanse Republiek (DO)	X	X	X	Malawi (MW) **(AP)**	X	X	X
Duitsland (DE) **(EP)**	X	X	X	Maledive-eilande (MV)	-	-	X
Ecuador (EC)	X	X	X	Maleisië (MY)	X	X	X
Egipte (EG)	X	X	X	Mali (ML) **(OA)**#	X	X	X
Ekwatoriaal-Guinee (GQ) **(OA)**#	X	X	-	Malta (MT) **(EP)**	X	X	X
El Salvador (SV)	X	X	X	Marokko (MA)	X	X	X
Estland (Estonië) (EE) **(EP)**	X	X	X	Masedonië (Voormalige Republiek van Joegoe-Slawië) (MK) **(EP)**	X	X	X
Europese Gemeenskappe (EU)	-	-	X	Mauritanië (MR) **(OA)**#	X	X	X
Fidji (FJ)	-	-	X	Mauritius (MU)	-	X	X
Filippyne (PH)	X	X	X	Mexiko (MX)	X	X	X
Finland (FI) **(EP)**	X	X	X	Mianmar (MM)	-	-	X
Frankryk (FR) **(EP)**#	X	X	X	Moldawië (Republiek) (MD) **(EA)**	X	X	X
Gaboen (GA) **(OA)**#	X	X	X	Monaco (MC) **(EP)**#	X	X	-
Gambië (GM) **(AP)**	X	X	X	Mongolië (MN)	X	X	X
Georgië (GE)	X	X	X	Montenegro (ME)	X	X	-
Ghana (GH) **(AP)**	X	X	X	Mosambiek (MZ) **(AP)**	X	X	X
Grenada (GD)	X	X	X	Namibië (NA) **(AP)**	X	X	X
Griekeland (GR) **(EP)**#	X	X	X	Nederland (NL) **(EP)**#	X	X	X
Guatemala (GT)	X	X	X	Nepal (NP)	-	X	X
Guinee (GN) **(OA)**#	X	X	X	Nicaragua (NI)	X	X	X
Guinee-Bissau (GW) **(OA)**#	X	X	X	Nieu-Seeland (NZ)	X	X	X
Guyana (GY)	-	X	X	Niger (NE) **(OA)**#	X	X	X
Haïti (HT)	-	X	X	Nigerië (NG)	X	X	X
Heilige Stoel (VA)	-	X	-	Noorweë (NO) **(EP)**	X	X	X
Honduras (HN)	X	X	X	Oekraïne (UA)	X	X	X
Hongarye (HU) **(EP)**	X	X	X	Oman (OM)	X	X	X

State wat lid is van die PCT en van die Paryse Konvensie en lede van die Wêreldhandelsorganisasie

Staat/Lid	PCT (144)	Parys (173)	WTO (153)	Staat/Lid	PCT	Parys	WTO
Oostenryk (AT) **(EP)**	X	X	X	St Vincent en die Grenadiene (VC)	X	X	X
Pakistan (PK)	-	X	X	Suid-Afrika (ZA)	X	X	X
Panama (PA)	-	X	X	Suriname (SR)	-	X	X
Papoea Nieu-Guinee (PG)	X	X	X	Swaziland (SZ) **(AP)**#	X	X	X
Paraguay (PY)	-	X	X	Swede (SE) **(EP)**	X	X	X
Peru (PE) ***(PCT vanaf 6 Junie 2009)***	X	X	X	Switserland (CH) **(EP)**	X	X	X
Pole (PL) **(EP)**	X	X	X	Tadjikistan (TJ) **(EA)**	X	X	-
Portugal (PT) ** **(EP)**	X	X	X	Taiwan, Provinsie van Sjina (TW)[5]	-	-	X
Roemenië (RO) **(EP)**	X	X	X	Tanzanië (Verenigde Republiek van) (TZ) **(AP) (EP)**	X	X	X
Russiese Federasie (RU) **(EA)**	X	X	-	Thailand (TH) ***(PCT vanaf 24 Des 2009)***	X	X	X
Rwanda (RW) **(AP)** ***(PCT from 1/9/11)***	X	X	X	Togo (TG) **(OA)**#	X	X	X
San Marino (SM) **(EP)**	X	X	-	Tonga (TO)	-	X	X
Sao Tome en Principe (ST)	X	X	-	Trinidad en Tobago (TT)	X	X	X
Saoedi-Arabië (SA)	-	X	X	Tsjad (TD) **(OA)**#	X	X	X
Senegal (SN) **(OA)**#	X	X	X	Tsjeggiese Republiek (CZ) **(EP)**	X	X	X
Sentraal-Afrikaanse Republiek (CF) **(OA)**#	X	X	X	Tunisië (TN)	X	X	X
Serwië (RS) **(EP)**	X	X	-	Turkmenistan (TM) **(EA)**	X	X	-
Seychelle-eilande (SC)	X	X	-	Turkye (TR) **(EP)**	X	X	X
Sierra Leone (SL) **(AP)**	X	X	X	Uganda (UG) **(AP)**	X	X	X
Singapoer (SG)	X	X	X	Uruguay (UY)	-	X	X
Sirië (SY)	X	X	-	Uzbekistan (UZ)	X	X	-
Sjina (CN)	X	X	X	Venezuela (VE)	-	X	X
Slowakye (SK) **(EP)**	X	X	X	Verenigde Arabiese Emirate (AE)	X	X	X
Slowenië (SI) **(EP)**#	X	X	X	Verenigde Koninkryk (GB) *** **(EP)**	X	X	X
Soedan (SD) **(AP)**	X	X	-	Verenigde State van Amerika (US) ****	X	X	X
Solomon-eilande (SB)	-	-	X	Viëtnam (VN)	X	X	X
Spanje (ES) **(EP)**	X	X	X	Yemen (YE)	-	X	-
Sri Lanka (LK)	X	X	X	Ysland (IS) **(EP)**	X	X	X
St Kitts en Nevis (KN)	X	X	X	Zambië (ZM) **(AP)**	X	X	X
St Lucia (LC)	X	X	X	Zimbabwe (ZW) **(AP)**	X	X	X

* Denemark sluit die Faroëeilande in;
** Portugal sluit die Asore en Madeira in;
*** Die Verenigde Koninkryk sluit die Eiland van Man in;
**** Die VSA sluit al sy gebiede in, b.v. Puerto Rico, Guam, Amerikaanse Samoa en die Virgin-eilande.
° Uitbruiding van Europese patent is moontlik.
Kan slegs in 'n PCT aansoek benoem word vir 'n streeksaansoek (die "nasionale roete" deur die PCT is toegemaak).

Waar 'n land in 'n PCT aansoek benoem kan word vir 'n streekspatent, word die tweeletterkode vir die relevante streekspatent in vet skrif in hakkies aangedui (**AP** = ARIPO patent, **EA** = Eurasiese patent, **EP** = Europese patent, **OA** = OAPI patent).

	Pretoria	**Johannesburg**	**Kaapstad**	**Durban**
	Posbus 1014 Pretoria, 0001 Suid Afrika	Posbus 10155 Johannesburg, 2000 Suid Afrika	Posbus 1513 Kaapstad, 8000 Suid Afrika	Posbus 2746 Westway Kantoor Blok, 3635 South Africa
Tel. Nrs.: (Nasionaal)	(012) 432 6000	(011) 646-1507	(021) 418 8560	(031) 265 1532
(Internasionaal)	+27 (12) 432 6000	+27 (11) 646-1507	+27 (21) 418 8560	+27 (31) 265 1532
Faks Nrs.: (Nasionaal)	(012) 432 6599	(011) 646-5082	(021) 419 5729	(031) 265 1537
(Internasionaal)	+27 (12) 432 6599	+27 (11) 646-5082	+27 (21) 419 5729	+27 (31) 265 1537
e-pos:	mail@adamsadams.co.za	jhb@adamsadams.co.za	cpt@adamsadams.co.za	dbn@adamsadams.co.za
URL:	http://www.adamsadams.com			

Pretoria, Johannesburg, Kaapstad & Durban Suid-Afrika
Vennote Alan Lewis Alan Smith Stephan Ferreira Chris Job Gavin Kotze Tony Seymour Howard Rogers Dario Tanziani Johan du Preez Colin MacKenzie Nelia Hickman Mariëtte du Plessis Craig Forbes Samantha Copeling Gérard du Plessis Phil Pla-Pillans Louis van der Walt Charné le Roux Russell Bagnall Simon Brown Suzaan Laing Grégor Wolter Joseph Goedhals Blain de Villiers André Visser David Scheepers Megan Moerdijk Kelly Thompson Nolo Khechane Janice Galvad Nishi Chetty Lucy Signorelli Steven Yeates Leander Opperman Jenny Pienaar Danie Dohmen Alexis Apostolidis Roelof Grové Bruce Lister Dieter Welthagen Nicolette Koch Michael Gwala Lauren Ross Bilkis Rassool Manisha Maganbhai-Mooloo James Davies Mandy Gordon Dale Healy Ferdi Myburg Kgabo Serokolo Tarryn Riley Somayya Khan Pearl Mathibela Theresa Wright Neil Taylor
Senior Konsultante Esmé du Plessis Adrian Schweizer Martin Rotteveel
Assosiate Deborah Marsicano Danie Strachan Godfrey Budeli Lindie Serrurier Tiaan Smuts Nthabisheng Phaswana Nishan Singh Jac Marais Claire Bothma Nicolette Biggar Lezel Buttner Udi Pillay Christophe Van Zyl Werina Griffiths Wilhelm Prozesky Jani Cronje Jessica Axelson Martin Mota Theuns van de Merwe Tumelo Tshaya Kagisho Manyashi
Bygestaan deur Laurika van Deventer Gusta Delport Paul Muscat Pieter Coetzee Venashrie Dorasamy Mamarame Matsela Alida Badenhorst Jean-Paul Rudd Buhle Lekokotla Gerda Bouwer Andrew Molver Natasha Sott Phillip Haupt Alison Baker Tracey Moss
Hoof Bedryfs Beampte Stuart Boyd